



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 FEBRUARIE 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Snr Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskonings ontvang vanaf rdh T van Essen, die Direkteur: Finansiële Dienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 JANUARIE 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Januarie 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2023

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 JANUARIE 2023****6.1.1 ITEM 7.4: HUUR VAN AKKOMMODASIE VIR DIE BRANDWEERDIENSTE TE DARLING (12/1/2-3)**

Die Direkteur: Beskermingsdienste meld dat met die toekenning van die tender aan JF & KJ Kirsten Trust vir die huur van akkommodasie vir die Brandweerdienste te Darling dit aan die lig gekom het dat die perseel nie korrek gesoneer is nie.

Daar kan dus nie uitvoering gegee word aan die besluit tot tyd en wyl die korrekte grondgebruike en goedgekeurde bouplanne nie in plek is nie

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat
 - (i) daar nie uitvoering gegee kan word aan die besluit van die burgemeesterskomitee van 18 Januarie 2023 nie, gegewe die perseel nie oor die nodige grondgebruiksregte beskik nie;
 - (ii) die voorneme steeds is om van die akkommodasie gebruik te maak, potensieel met ingang vanaf 1 Julie 2023 (vir 'n termyn van drie jaar soos getender) of sodra die betrokke regte in plek is;
 - (iii) die eienaar onderneem het om die toepaslike regte te bekom, en om in die interim ook die onderdak-fasiliteit vir die brandweervoertuig (soos vereis in die tendervoorwaardes) aan te bring;
- (b) Dat 'n verslag ter wysiging van die besluit aan die komitee voorgehou sal word.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS VAN KPI'S EN TEIKENS VIR 2022/2023 (2/4/2)

Die KPI's en teikens is aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê op 18 Januarie 2023 en die volgende wysiging word voorgestel en word –

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die teiken van KPI 14-0023 (1) verander word van 21 224 na 22 602;
- (b) Dat die teiken van KPI 14-0023 (2) verander word van 21 224 na 20 409;
- (c) Dat die teiken van KPI 09-0259 (2) verander word van "Yes" na "2 for the year".

7.2 WYSIGINGS AAN DIE 2022/2023 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2022/2023 finansiële jaar is op 15 Junie 2022 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur.

Die wysiging van die SDBIP word voorafgegaan deur die voorlegging van die halfjaarlikse begroting- en prestasie-evaluasie ingevolge Artikel 72 van die MFMA en as resultaat die aansuiweringsbegroting.

Die goedkeuring van die 2022/2023 Aansuiweringsbegroting deur die Raad op 26 Januarie 2023 noodsaak dus wysigings aan die SDBIP.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2022/2023 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.3 KWARTAALVERSLAG AANGAANDE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag ten opsigte van die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

Die Munisipale Bestuurder meld, met verwysing na gebreke in die verslagdoening, dat die Munisipaliteit in proses is om die kontrakbestuurstelsel te outomatiseer en dat die stelsel teen einde Februarie ten volle ontwikkel sal wees.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag aangaande die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Oktober 2022 tot 31 Desember 2022.

7.4 LIGGING VAN DIE NUWE WESBANK SWEMBAD (17/9/2/1/1)

Die Raad het op 26 Mei 2022 goedkeuring verleen vir die allokasie van fondse ten bedrae van R12,7 miljoen in die 2022/23 en 2024/25 finansiële jare vir die konstruksie van die Wesbank Swembad.

Na verdere ondersoek word die volgende drie persele voorgestel as moontlike ligging vir die swembad, naamlik:

- (1) Wesbank Sportgronde (Erf 2660);
- (2) Hisbuskus Park (Erf 8674)
- (3) Wesbank Binnehuise Sportkompleks (Erf 9201)

7.4/...

Die verslag tot die sakelys bevat die opweging van voor- en nadele met betrekking tot elkeen van voormelde persele.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die drie voorgestelde liggings vir die nuwe Wesbank Swembad;
- (b) Dat verder kennis geneem dat die voorgestelde ligging by die Wesbank Sportgronde (Erf 2660) meer voordele het as die ander twee voorgestelde liggings wat sal lei tot besparings in konstruksiekoste en toekomstige bedryfsuitgawes;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen vir die posisionering van die nuwe Wesbank Swembad by die Wesbank Sportgronde (Erf 2660).

7.5 VERHUUR VAN KAMPE: MEENTGROND, DARLING (12/2/4-3/1)

Die Raad beskik oor meentgrond te Darling, opgedeel in kampe 2 tot 6, wat vir landboudoeleindes aangewend kan word.

Dit is die voorneme om hierdie kampe per veiling vir verhuring beskikbaar te stel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat Kampe 2 tot 6, per veiling, vir verhuring beskikbaar gestel word;
- (b) Dat met verwysing na vorige versoeke vanuit wyke 4 en 6, asook vanaf plaaslike kleinboere, gemelde kampe slegs verhuur sal word aan persone wat permanent woonagtig is binne die munisipale gebied van Swartland Munisipaliteit;
- (c) Dat die Raad se voorneme in die plaaslike pers geadverteer word.

7.6 NASIENING EN AFSKRYWING VAN STUKKE GROND INGESLUIT IN DIE BATE-REGISTER SOOS OP 30 JUNIE 2023 (5/14/3/5)

Munisipale grond vorm die basis van die munisipale bateregister (alle infrastruktuur kan gekopperl word aan 'n spesifieke stuk grond) en 'n ondersoek is sedert 1 April 2020 aan die gang om die volledigheid van die bateregister te verseker.

Die totale populasie van bates wat in die bateregister ingesluit is, oorskry tans 90 000 aktiewe komponente met 'n totale gerapporteerde boekwaarde soos op 30 Junie 2022 van R2,184 miljard.

Tydens die ondersoek is gevind dat daar duplikasies van stukke grond op die bateregister aangeteken is. Daar is intussen verbeterings in die kwaliteitsbeheer van die bateregister geïmplementeer met die skakel tussen die bateregister, akeregister en SG-data (waarop die waardasielys gebaseer is).

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat goedkeuring verleen word vir die afskryf van bates, soos per aangehegte lys, ten bedrae van R7 678 437,93 en dat die bates vanaf die bateregister verwyder word vir doeleindes van volledigheid van die Munisipaliteit se rekords teen 30 Junie 2023.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure teen einde Januarie 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

7.7/...

Die Senior Bestuurder: Begrotingskantoor meld dat dat die uitstaande debiteure vanaf Desember 2022 met R3 705 800,26 vermeerder het.

Die Munisipale Bestuurder bevestig, met verwysing na voormelde vermeerdering en 'n styging in die aantal gevalle op die afsnylys met ± 500 , dat daar 'n mandaat aan die Kredietbeheerafdeling gegee is om konsekwent op te tree teen wanbetalers, met die uitsondering indien die nodige bewyse gelewer kan word of vir mediese doeleidens, bv. persoon wat aan 'n suurstofmasjien gekoppel is.

Die Munisipale Bestuurder doen 'n beroep op raadslede om nie by die prosesse van die Kredietbeheerafdeling in te meng nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2023.

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTEL EN NAKOMINGSERTIFIKAAT VIR VRAGMOTOR, CK 47512 (8/1/B/2)

Alle raadsvoertuie waarop hyskrane gemonteer is moet op 'n jaarlikse basis geïnspekteer word ten einde 'n voldoeningcertifikaat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid te bekom.

Met die inspeksie van CK 47512 is daar sekere gebreke vir herstelwerk uitgewys, alvorens 'n voldoeningcertifikaat uitgereik kon word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die rede vir die afwyking van die normale aankoop proses aangeteken word as volg:
 - (i) Alle kraan trokke moet jaarliks inspekteur word en 'n nuwe nakomingsertifikaat uitgereik word in terme van die Beroeps Gesondheid en Veiligheids Wet (Wet 85 van 1993) om veilige bedryf van die toerusting te verseker.
 - (ii) Die trok was na die verskaffer van die kraan, CT 600 Manufacturing, gestuur om te inspekteur/herstel/toets en die nakomingsertifikaat uit te reik om diens lewering in die Darling en Yzerfontein omgewing te verseker.
 - (iii) Dit is onprakties om die normale aankope proses in hierdie geval te volg.
- (c) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die inspeksie, herstel en uitreiking van 'n nakomingsertifikaat van die hidroliese kraan van Voertuig CK47512;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R50 947.50 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-24-5 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VRAGMOTOR, CK 32363 (8/1/B/2)

'n Ernstige olielek is opgemerk aan die hidrouliese tenk op vragmotor, CK 32363, wat op 'n daaglikse basis in Darling gebruik word. Die personeel het onmiddellik werksaamhede gestaak en probeer om die olielek onder beheer te kry ten einde verdere skade, moontlike beserings en omgewingsbesoedeling te voorkom.

Die aard en omvang van die olielek het dringende herstelwerk benodig.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die rede vir die afwyking van die normale aankoop proses aangetek word as volg:
 - (i) Die hidrolies tenk van die voertuig het tydens nood herstel van 'n transformator installasie gebeur
 - (ii) Die trok onmiddelik onttrek is en beskikbare verskaffer met die nodige materiaal versoek is om herstelwerk te doen nadat hulle dit voertuig inspekteur het.
 - (iii) Herstel van die voertuig noodsaaklik is vir diens lewering in die Darling en Yzerfontein omgewing.
- (c) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die inspeksie, herstel en uitreiking van 'n toets sertifikaat van die hidrolies tenk van Voertuig CK32363;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R28 048.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/1-14-5 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: VERKEER/WETSTOEPASSINGSOPLEIDING: GENE LOUW VERKEERSKOLLEGE (DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE, WESKAAP) (8/1/B/2)

Verkeers- en Wetstoepassingsbeampes moet verskillende opleidingsprogramme voltooi om hul relevante funksies optimaal te verrig. Gene Louw Verkeerskollege word beskou as die aangewese instansie om die opleiding koste effektief aan te bied, aangesien al die modules onder een dak aangebied word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die opleiding deur die Gene Louw Verkeerskollege aan Verkeer- en Wetstoepassingsbeampes teen die gekwoteerde tariewe;
- (c) Dat kennis geneem word van die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures soos volg:
 - (i) dit sal onprakties wees om verskillende diensverskaffers aan te stel vir die opleiding/modules genoem in paragraaf 1, punt 1.1 (a) tot (k), in ag genome dat, alhoewel daar ander diensverskaffers beskikbaar is, is hulle nie daartoe in staat om al die modules onder een dak te verskaf nie, wat tot bykomende koste vir die werkgewer sal lei, insluitend reis en meer man-ure wat verlore gaan;

7.11/...

- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe teen posnommer 9/213-1195-953 (Training: Efficiency Development) verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 ALGEMENE JAARVERGADERING: PLAASLIKE OWERHEDE AFTREEFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 39^{ste} Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds vind plaas op 26 Mei 2023.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M De Beer)

- (a) Dat kennis geneem word dat mnr A Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds op 26 Mei 2023,
- (b) Dat rdl N Smit genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig;

BESLUIT VERDER

(op voorsel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (c) Dat rdh T van Essen genomineer word as sekundi om die Raad by die vergadering te verteenwoordig in die afwesigheid van rdl N Smit.

7.13 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD: JANUARIE 2023

Die sosio-ekonomiese omstandighede van deernishuishoudings, alhoewel hulle subsidie op dienste ontvang, maak dit onmoontlik om hul maandelikse rekening op datum te hou.

In die geval van ander uitstaande debiteure is alle moontlike pogings aangewend om gelde in te vorder.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R4 782 627,83** en opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R1 349 667.63** ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;
- (c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

7.13/...

- (e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosioekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering voorgelê sal word;
- (h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installering van 'n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;
- (j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes vanaf die Deernistoekenning sal verhaal;
- (k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die administrasie sal poog om maatreëls in te stel om gebruikers van dienste wat nie op die Munisipaliteit se finansiële stelsel is nie te nader om die nodige dienste-aansluitingsvorm(s) te voltooi vir registrasie op die finansiële stelsel.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER